

28 Desember

Skrifgedeelte: Johannes 16:16-22

Fokusgedeelte: Johannes 16:22b

Ons leef met die sekere wete van ons eindoorwinning

Dink net hoe stom verbaas moes die dissipels gewees het toe hulle hoor dat hulle Messias Hom voorberei om gevang en gekruisig te word. Nog onbegryplicher was Jesus se woorde toe Hy sê: Nog 'n klein rukkie, dan sien hulle Hom nie, en weer 'n klein rukkie, dan sal hulle Hom weer sien (vs 17). Jesus weet hulle gaan sonder Hom swaarkry, maar sy dood het nie die laaste sê nie.

Jesus gebruik die beeld van 'n vrou se swangerskap om hulle oë te vestig op die eindpunt waar ons lewenswaarde gemeet moet word. Wat vooraf gebeur, is nog net tydelik. 'n Vrou kry swaar by die geboorte van haar kindjie. Eers wanneer die kindjie gebore is, is sy bly en dink sy nie meer aan die voorafgaande pyn nie.

Net so, na 'n teleurstellende tyd sonder Hom, sal Hy weer kom en dan sal hulle vol blydschap nie meer terugdink aan die moeilike dae sonder Hom nie. Hy is toe wel gekruisig, maar Hy het weer opgestaan en sy dissipels verseker van sy teenwoordigheid. Hulle blydschap het hulle aanvanklike onsekerheid uitgewis.

Met sy hemelvaart het sy dissipels met blydschap van die Olyfberg af teruggekeer na Jerusalem. Hulle het weer moed gehad. Met Pinkster het die Gees vir altyd in hulle kom woon en toe is hulle blydschap oor die Here se oorwinning in hulle vir altyd vas en seker geanker. Dit is 'n blydschap wat niemand van hulle sal kan wegneem nie. So weet hulle dan ook Hy sal met sy wederkoms vir altyd weer sigbaar by ons wees (vgl. Openb 21:3 en 22:12).

Daar lê by ons vandag baie hartseer en ons voel dit is onaanvaarbaar dat ons niks van die Here se mag en krag in ons deurmekaar wêreld sien nie. En tog, al sou die wêreld lighartig oor alles op oppervlakkige wyse eet en drink, kan ons weet na 'n tyd van swaarkry, na baie vrae en ontnugtering, kom daar vir die gelowige gewis weer 'n tyd van vreugde. Laat dit jou moed gee om met jou swaarkry en seerkry uit te hou.

God se hande gaan op sy tyd oop. Laat hierdie lewende hoop in ons vir jou wye horisonne oopmaak op pad na nuwe tye.

Sing: Skrifberyming 1-3:1

Dr JL Venter (Emeritus)